122/84

204/83

MCB

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

JAN STIGLING .......................... Eerste Appellant

MARTIN ANDREWS ...................... Tweede Appellant

en

DIE STAAT ........................... Respondent

Coram : VILJOEN, BOTHA, ARR et SMALBERGER, WAR

Verhoordatum : 24 AUGUSTUS 1984

Leweringsdatum : 25 SEPTEMBER 1984

---

UITSPRAAK

VILJOEN, AR

Die twee appellante is, nadat hulle skuldig gepleit het, deur 'n landdros van Johannesburg skuldig

bevind/.....

bevind aan die diefstal van vier telefoontoestelle waarvan die waarde gestel is op R160,00 en is elk tot 9 maande gevangenisstraf gevonnis. Teen dié vonnis het hulle sonder sukses geappelleer na die Transvaalse Provinsiale Afdeling wat ook 'n aansoek om verlof om na hierdie hof te appelleer, geweier het. Hierdie hof het egter aan die appellante verlof toegestaan om te appelleer.

Uit antwoorde op vrae wat die landdros die twee appellante ingevolge a 112(1) (b) van Wet 51 van 1977 gevra het, blyk dit dat albei van hulle vir die Departement van Poswese telefone herstel het by die Carlton Hotel in Johannesburg en dat hulle saam aldaar vier van die telefoontoestelle geneem het met die doel

om dit/.....

om dit vir eie gewin te verkoop. Die eerste appellant het reeds twee van die telefoontoestelle verkoop teen R35,00 stuk; dit blyk egter nie wat van die ander twee telefoontoestelle geword het nie. Beide die appellante is eerste oortreders. Die landdros het, ingevolge 'n aantekening op die oorkonde, die "beskuldigdes se vonnisregte verduidelik" waarop hulle die volgende vertoë gelewer het ter versagting van vonnis:

"<u>BESKULDIGDE 1</u>:

Ek verstaan. Ek spreek net Hof toe. Ek is getroud met kind. My vrou is tans 7 maande swanger. My vrou werk nie. Ek het my werk verloor as gevolg van die voorval. Dit is van die nuwe telefone wat ek geneem het. Ek het dit geneem om te gaan verkoop. Ek het std. 9 geslaag. Ek het R511,00 verdien by die Poskantoor."

"<u>BESKULDIGDE 2</u>:

Ek het verstaan. Ek praat net waar ek staan.

Ek is/.....

Ek is enigste broodwinner. Ek sorg vir my moeder en twee broers. My moeder werk nie. My broers is 15 en 16 jaar. Hulle werk nie. Ek is werkloos. Ek het my werk verloor as gevolg van die voorval. Ek het R511,00 verdien by die Poskantoor. Ek het std. 10 geslaag op skool."

In sy redes vir vonnis meld die landdros dat die hof van oordeel is dat hy 'n vonnis moet vel wat sal dien as afskrikmiddel en ter beskerming van die algemene publiek. Diefstalsake is aan die orde van die dag in Johannesburg se omgewing en dit is niks snaaks om op 'n dag tussen 30 en 50 van hierdie tipe sake te sien nie, sê hy. Hy stel dit ook dat diefstalsake waar werknemers van hulle werkgewers steel die "afgelope klompie maande geweldig gestyg" het. Diefstal is altyd 'n ernstige misdaad en wanneer diefstal nog gepaard gaan

met die/.....

met die feit dat 'n werknemer van sy werkgewer steel dan word die diefstal nog ernstiger, meen hy. Hy wys daarop dat die twee beskuldigdes die posisie van vertroue waarin hulle verkeer het, misbruik het - hulle het van hulle werkgewer se goedere geneem en dit gaan verkoop met die uitsluitlike doel om hulleself te verryk. Die landdros verwys onder andere na die volgende passasie in R v Karg 1961(1) SA 231(A):

> "-------but the element of retribution, historically important, is by no means absent from the modern approach. It is not wrong that the natural indignation of interested persons of the community at large should receive some recognition in the sentence that courts impose, and it is not irrelevant to bear in mind that if sentences for serious crimes are too lenient, the administration of justice may

fall/.....

> fall into disrepute and injured persons may be inclined to take the law into their own hands."

Die landdros het ook verwys na die volgende passasie in die saak S v Gunter 1967(1) PH H32:

> "A court may properly impose a punishment which will not benefit but may actually harm a convicted person where the interests of the community have to be taken into account."

Die hof het ook in gedagte gehou wat gesê is in S v Holder 1979(2) SA 70(A), sê die landdros en hy eindig soos volg:

> "Die hof het weens bogenoemde redes besluit teen 'n opgeskorte vonnis. Die hof is van oordeel dat in die onderhawige geval gevangenisstraf die enigste gepaste straf is."

Dit blyk dus uit die landdros se redes dat

hy hom ten doel gestel het om 'n vonnis te vel wat sou dien as afskrikmiddel en ter beskerming van die algemene publiek. Op welke wyse die vonnis van gevangenisstraf die publiek sou beskerm, is egter nie vir my duidelik nie. As die landdros bedoel dat die publiek beskerm sal word omdat die twee appellante vanweë die gevangenisstraf nie die geleentheid sal hê om weer te steel nie, is dit voor-die-hand-liggend dat die publiek slegs vir die tydperk van gevangesetting aldus beskerm sal word. Voorkoming vir 'n redelike kort tydperk is, na my oordeel, nie wat die landdros bedoel het nie. Hy het waarskynlik bedoel "ter beskerming van die belange van die algemene publiek", en die belange, so blyk dit uit sy verwysing na Karg en Gunter se sake,

meen hy/.....

meen hy te beskerm deur die element van vergelding 'n aansienlike rol te laat speel in die vonnis. In Karg se saak supra het die appellant op 'n grof nalatige wyse met 'n vuurwapen gevuur op oortreders op sy vader se eiendom as gevolg waarvan een gedood is. Dié appellant is skuldig bevind aan strafbare manslag en 'n vonnis van twee jaar gevangenisstraf opgelê. Die passasie waarop die landdros steun kom voor in die uitspraak van Schreiner AR wat die appèl teen die vonnis met die eenparige goedkeuring van twee ander appèlregters van die hand gewys het. In die geval van Gunter supra waarna die landdros verwys is 91 persone dood as gevolg van die ernstige nalatige bestuur van 'n trein deur die appellant. In beide gevalle was die

gegriefde gevoelens van die ouers en naasbestaandes van die oorlede slagoffers en verontwaardiging van die algemene publiek 'n belangrike oorweging wat deur die betrokke verhoorhowe in aanmerking geneem is, en dit is in hierdie verband waarin geoordeel is dat die vergeldingselement tereg 'n belangrike rol in die betrokke vonnisse toegeken moes word.

Die diefstal van vier telefone van die poskantoor wek nie dieselfde emosie by die algemene publiek as wat die doodslag van mense dit doen nie. Na my oordeel het die landdros die element van vergelding te swaar laat weeg by die toemeting van straf aan die twee appellante.

Ek is ook die mening toegedaan dat, omdat die landdros spesifiek verwys na 'n opgeskorte vonnis wat hy "weens

bogenoemde redes" nie oorweeg het nie, die afleiding geregverdig is dat hy geen ander alternatiewe vonnis oorweeg het nie. Heelwaarskynlik het hy alleen 'n opgeskorte vonnis met negatiewe voorwaardes in gedagte gehad, en het hy nooit oorweeg om as voorwaarde, of een van die voorwaardes, vergoeding aan die poswese te stel nie. Indien hy dit oorweeg het, sou hy ongetwyfeld ondersoek ingestel het na wat van die ander twee telefoontoestelle wat nie verkoop is nie, geword het.

Vanweë die mistastings waarna ek hierbo verwys het, kan hierdie hof ongebonde 'n gepaste vonnis oorweeg. Dat die appellante van hulle werkgewer gesteel het en dus die vertrouensposisie waarin hulle was, geskaad het, is 'n geldige oorweging. Hierteenoor, egter,

is die bedrag betrokke naamlik R160,00 'n redelike klein bedrag en die appellante is nog jonk en is eerste oortreders. Die vereiste van afskrikking wat belangrik is in hierdie geval sal myns insiens bevredig word deur die oplegging van 'n boetevonnis, veral waar die diefstal gepleeg is met die oog op geldelike gewin. Die vereiste van voorkoming, wat ewe-eens belangrik is, sal na my oordeel bevredig word deur 'n opgeskorte vonnis. Soos ek hierbo aangedui het sou ek, indien ek die saak verhoor het, oorweeg het om, as een van die voorwaardes van die opgeskorte vonnis, te stel dat die veroordeeldes ook vergoeding betaal, maar daar blyk nie genoegsame gegewens uit die oorkonde vir die bepaling van so 'n voorwaarde nie. Ek sal dus moet volstaan met

'n opgeskorte vonnis met negatiewe voorwaardes. Ek meen verder dat 'n opgeskorte vonnis van gevangenisstraf gekoppel aan 'n boete-vonnis ook aan die vereiste van vergelding wat, meen ek, in hierdie saak 'n ondergeskikte rol behoort te speel, sal voldoen.

Alles in ag genome sal, na my oordeel, die volgende vonnis vir elk van die appellante 'n gepaste een wees onder die omstandighede naamlik 'n boete van R250,00 of, by wanbetaling, 3 maande gevangenisstraf plus 6 maande gevangenisstraf opgeskort vir 5 jaar vanaf die datum van skuldigbevinding deur die landdros (4/12/81) op voorwaarde dat in daardie tydperk hy nie 'n oortreding begaan van diefstal of bedrog waaraan hy skuldig bevind word nie.

Die appèl/.....

Die appèl teen die vonnis slaag dus en die vonnis waarna in die voorgaande paragraaf verwys is, word ten aansien van elk van die appellante in die plek gestel van die vonnisse wat die landdros opgelê het.

APPèLREGTER

LL

Saak No. 204/1983

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

JAN STIGLING — Eerste Appellant

MARTIN ANDREWS — Tweede Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: VILJOEN, BOTHA ARR et SMALBERGER WN AR

VERHOORDATUM: 24 AUGUSTUS 1984

LEWERINGSDATUM: 25 SEPTEMBER 1984

---

UITSPRAAK

---

/BOTHA AR ...

BOTHA AR:-

Ek stem saam met die bevel wat uiteengesit word in die uitspraak van my kollega VILJOEN, maar om ander redes as dié wat blyk uit sy uitspraak.

Ek is, met eerbied, nie oortuig daarvan dat die landdros in sy vonnisoplegging mistastings begaan het wat van so 'n aard is dat hierdie Hof op daardie grond kan ingryp en die vonnisse verander nie, aan die hand van die oorwegings uiteengesit deur TROLLIP AR in S v Pillay 1977 (4) SA 531 (A) op 535 A - G. Waar die landdros verwys na 'n vonnis wat sou dien as afskrikmiddel en ter beskerming van die algemene publiek, het hy na my mening in gedagte gehad dat die vonnis uiting moes gee aan die gemeenskapsbelang (en dus ook die gemeenskapsgevoel) wat verg dat die oortreders se straf, in verhouding tot die erns van die oortreding, daartoe

/moet ...

moet strek om ander mense daarvan te weerhou om soortgelyke oortredings te pleeg. Soos ek sy uitspraak lees, het die landdros slegs op hierdie breë grondslag aangehaal uit R v Karg 1961 (1) SA 231 (A) en S v Gunter 1967 (1) PH H32, en nie omdat hy die omstandighede in daardie sake as vergelykbaar met dié in die huidige geval beskou het, of omdat hy die element van vergelding per se wou beklemtoon nie (die woord "vergelding" word nie in sy uitspraak gebruik nie). Origens dink ek nie dat daar bevind kan word dat die landdros nie 'n boete-straf tesame met opgeskorte gevangenisstraf oorweeg het nie, net omdat hy dit nie uitdruklik as 'n moontlikheid genoem het nie.

Na my oordeel is daar 'n ander grondslag waarop die vonnisse wat die landdros opgelê het deur hierdie Hof verander moet word. Die twee appellante is elk 21 jaar oud. Hulle ander persoonlike omstandighede en

/die ...

die aard van die oortreding blyk uit my kollega se uitspraak. As ek in die eerste instansie belas was met die taak van vonnisoplegging in hierdie saak, sou ek in die opweging van die belange van die gemeenskap en die belange van die appellante nie hierdie jeugdige eerste oortreders tronk toe gestuur het nie. Ek sou hulle die geleentheid gegun het om hulleself te rehabiliteer sonder om die ontwrigtende uitwerking van gevangenisstraf op hulle te plaas; en ek sou geoordeel het dat daar genoegsaam voldoen sou word aan die vereistes van afskrikking en die gemeenskapsbelang deur hulle te straf by wyse van 'n stywe boete, volgens hulle vermoë, gekoppel aan 'n opgeskorte tydperk van gevangenisstraf. Ek sou 'n vonnis opgelê het soos dié wat in my kollega se uitspraak uiteengesit word. Die verskil tussen daardie vonnis en dié wat die landdros opgelê het, is so uitgesproke dat daar 'n treffende wanverhouding bestaan (vgl <u>S v Gross</u> 1982 (1) SA 593 (A) op 600 C - E), met die

gevolg dat hierdie Hof behoort in te gryp. Op daardie grondslag stem ek saam met die gevolgtrekking waartoe my kollega gekom het.

A.S. BOTHA AR

204/83

N v H

JAN STIGLINGH — Eerste Appellant

MARTIN ANDREWS — Tweede Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

SMALBERGER , WND AR

204/83

N v H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen :

JAN STIGLING — Eerste Appellant

MARTIN ANDREWS — Tweede Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: VILJOEN, BOTHA, ARR, et SMALBERGER, WND AR

VERHOORDATUM: 24 AUGUSTUS 1984

LEWERINGSDATUM: 25 SEPTEMBER 1984

---

U I T S P R A A K

SMALBERGER, WND AR:-

Ek het die voordeel gehad om die uitsprake van beide van my kollegas te lees. Ek stem saam dat

die / .................

die appèl teen die vonnis ten aansien van elk van die appellante moet slaag, en dat die vonnisse genoem in die uitspraak van my kollega Viljoen in die plek gestel moet word van dié deur die landdros opgelê.

Na my mening is inmenging met die landdros se vonnisse geregverdig beide omdat daar 'n treffende wan= verhouding bestaan tussen die vonnisse deur die landdros opgelê en wat ek in al die omstandighede as gepas sou beskou (soos deur my kollega Botha bevind) sowel as op grond van mistastings deur die landdros (soos deur my kollega Viljoen bevind).

J W SMALBERGER

WAARNEMENDE APPèLREGTER

| Nommer van Uitspraak | Naam van uitspraak | | Handtekening wanneer uitgeneem | Handtekening wanneer terugebring |
|---|---|---|---|---|
| | Appellant | Respondent | | |
| 109/84 | Magna Alloys + Research SA (Pty) Ltd. | De la V. C. Ellis | M. Maths 13.11.84. | 1984-11-15 DvdW |